VERSPREI GOD SE LIEFDE (2)

VERTEL ANDER VAN GOD SE LIEFDE
13 Augustus 2006, Ds Freddie Schoeman

Die basis van ons verhouding met ander is dieselfde as die basis van ons verhouding met God en mekaar: GENADE. In ons verhouding met God het hierdie waarde gestalte gekry deurdat ons onsself *verheug* het in God se liefde en genade. In ons verhouding met mekaar het hierdie waarde gestalte gekry deurdat ons mekaar *vergewe*; deur genadig met mekaar te wees.

Hoe kry hierdie waarde (prakties, konkreet) gestalte in ons verhouding met ander?

Ek dink dit is redelik voor die hand liggend: God se genade moet deur ons na mekaar en dan ook na ander vloei. Ons moet oop kanale van God se genade wees. Ander mense moet kennis neem van God se genade. Dit is 'n boodskap wat ons nie vir onsself kan hou nie. Die hele wêreld *moet* weet van God se liefde!

Daarom moet ons ander mense van God se liefde *vertel.* Ons moet ons verheug in God se liefde, ons moet mekaar genadig wees deur mekaar te vergewe ... en dan moet ons uitgaan en mense van God se liefde *vertel.*

Hoe werk die proses: gebrandskilderde vensters - GELOOF - HOOP - LIEFDE.

Hoe werk kommunikasie? Liggaamstaal (Gedrag, dit wat ons doen = 58%); Stemtoon: (Houding / Gesindheid = 35%); Woorde (dit wat ons sê, die inhoud van ons boodskap = 7%).

Ons moet dus die boodskap van God se liefde op so 'n manier vertel dat mense dit nie net hoor nie - maar dit hulle dit ook sien en beleef. Dit beteken dat die boodskap van God se liefde in konkrete dade van diens ten toon gestel moet word.

Om dit te kan doen, moet ons na mense met God se oë kyk. Hoe kyk God na mense?

Ons kry 'n goeie idee wanneer ons Lukas 15 lees. Hierdie drie gelykenisse handel eintlik net oor een vraag: *Wie maak saak vir God? Watter soort mense maak saak vir God?*

Die eerste twee verse stel die vraag aan die orde:

> *Die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom luister.* [2] *Hierteen het die Fariseërs en die skrifgeleerdes beswaar gemaak en gesê: "Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle."* (Lukas 15:1-2)

Die Fariseërs en die skrifgeleerdes het 'n groot probleem gehad met Jesus, nl. dat Hy, 'n rabbi, met *onaanvaarbare* mense geassosieer het.

Stel julleself die prentjie voor: Jesus, met sy rabbi-klere aan, tussen die sondaars en die tollenaars, besig om te gesels en te lag en te kuier. Eenkant, die godsdienstige mense, met lang, donker gesigte. Hulle skud hulle koppe en maak sulke afkeurende geluide - vreeslik verontwaardig.

En dan draai Jesus na die F & S toe en vertel dan drie gelykenisse:

Verlore skaap

Verlore muntstuk

Verlore seun

In sy boek *Becoming a Contagious Christian*, identifiseer Bill Hybels drie temas wat hierdie drie gelykenisse in gemeen met mekaar het:

Een: *Iets het verlore geraak* (skaap, muntstuk, seun)

Die punt hier is: die herder / vrou / vader kon dit maar daar gelaat het. Herder: wel ek het nog 99 ander; dis goed genoeg. Vrou: wel, ek het nog nege ander; dis goed genoeg. Vader het alle rede gehad om sy seun te verwerp.

Tweede deurlopende tema: Twee: *Dit wat weg was, was so waardevol dat 'n groot soektog geloods is.*

Skaap
Muntstuk
Seun

Wat wil Jesus sê? Elke mens is waardevol in God se oë. Ons moet met God se oë na mense kyk. Dus, wanneer ons na mense kyk, moet ons dieselfde in mense raaksien as wat God raaksien. Die vraag *wie maak saak vir God?* Kan beantwoord word: elke mens maak saak vir God.

Maak nie saak wat hulle sosiale stand of status is nie, maak nie saak watter werk hulle doen nie en of hulle werk het nie, maak nie saak of hulle ryk of arm, siek of gesond, oud of jonk is nie, maak nie saak of hulle Christen of Moslem is nie, maak nie saak of hulle wit of swart of geel of bruin of pienk is nie, maak nie saak watter taal hulle praat nie.

Elke mens maak saak vir God.

Elke mens is waardevol in God se oë - so waardevol dat Hy planne maak om verlorenes te soek en hulle te oortuig dat Hy hulle liefhet. Dit is waarom daar 'n kerk is. Dit is waarom die Here sy Gees uitgestort het en sy kerk tot stand gebring het sodat mense bereik kan word met sy liefde.

Mense maak soveel saak vir God dat Hy geen steen onaangeroer laat in sy soektog na verlorenes nie.

Drie: *wanneer dit wat weg is gekry word, is daar elke keer 'n partytjie*

Waaroor raak ons die meeste opgewonde? Wat maak ons bly? Wat laat ons van vreugde juig? Dit wat belangrik en waardevol vir ons is, nie waar nie?

Die herder ...

Die vrou ...

Die vreugde van die vader in die laaste gelykenis sê vir ons iets oor God se hart vir mense.

Wat doen hy? Vers 21:

> *“Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom. ...* (Die vader verloor sy eie waardigheid in die proses!) *22 Maar sy pa roep sy werksmense: ‘Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom ’n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan! 23 En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier! 24 Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.’ Toe het hulle begin feesvier.*

Wanneer ons op dieselfde manier as God na mense kyk, as ons dieselfde waarde heg aan mense as wat God aan hulle heg, dan sal

ons dieselfde emosie beleef as hierdie vader - en dan sal ons dieselfde gedrag openbaar.

Die verhaal eindig nie hier nie ...

Onthou: Jesus is besig om met die skrifgeleerdes en Fariseërs te praat. Hierdie drie gelykenisse is op hulle gemik. Daarom vertel Jesus spesifiek wat die reaksie van die oudste seun was:

> *25 "Sy oudste seun was nog in die veld. Toe hy terugkom en naby die huis was, hoor hy die musiek en die singery. 26 Hy roep toe een van die bediendes nader en vra hom wat aan die gang is. 27 Die bediende antwoord: 'U broer het gekom, en u pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom behoue en gesond teruggekry het.'*
> *28 "Toe het die oudste seun kwaad geword en hy wou nie in die huis ingaan nie. Sy pa gaan toe uit en praat mooi met hom; 29 maar hy antwoord: 'Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie. 30 Maar nou dat hierdie seun van Pa, wat Pa se goed met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom die vetgemaakte kalf geslag!'*

Hier sien ons ook baie sterk emosie. Die vader: barmhartigheid, vreugde; die seun (teenoorgestelde): woede. Kontras. Sterk uitgebeeld deur Rembrandt se skildery.

Waarom die kontras? Twee maniere van sien: liefde en deernis van die Vader, teenoor die veroordeling en veragting van die oudste seun.

Hierdie verhaal, waarvan die skildery 'n goeie uitbeelding is, moet vanoggend vir ons 'n spieël wees. Ons moet onsself daarin kan raaksien. Is ons soos die vader, of is ons soos die oudste seun?

Hoe lyk ons harte? Het ons regtig 'n hart vir mense wat buite die dampkring van God se liefde leef? Of laat hulle lot ons koud? Is ons selfs kwaad en vies as daar oor sending en oor evangelisasie en oor uitreik gepraat word?

Die laaste vers (hóór die stem van die Here vanoggend!):

> *31 "Toe sê die pa vir hom: Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is ook joune. 32 Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou*

was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry.”